TJOKKIE brokkies!

Uitgawe 7|2|2018

31 Mei 2018

Uit die Kantoor …

Trompsburg sportdag
Baie dankie aan al die ouers wat die dag bygewoon het. Ek is seker julle en die kinders het die plattelandse gasvryheid geniet. Dit gee ook geleentheid aan ons laer spanne om so bietjie buite Bloemfontein se grense deel te neem. Was die kerkbasaar se eetgoed nie lekker nie! Ek het al my sakgeld wat my vrou vir my gee, spandeer.

Voortrekkers
Geluk aan al die vories wat Sondag by die Vrouemonument ingelyf is en hulle ouers wat daar was.

Sport
Die rugby- en netballiga is die week afgehandel asook die Mini-netbaltoernooie wat op Vrydae plaasgevind het. Donderdag, 7 Junie staak die buitemuurs, behalwe vir hokkie wat proewe hou om gereed te wees vir die nuwe kwartaal. ‘n Spesiale hokkiebrief met die reëlings het gesirkuleer.

Kleuterskool Gholfdag
‘n Reuse dankie aan die ouerkomitee wat ‘n fantastiese gholfdag gereël het. Alles was eksie-perfeksie en selfs ek, met my power gholf, het ‘n prys gewen. Die Beheerliggaam het groot waardering vir julle fyn beplanning en harde werk.

BELANGRIKE DATUMS

1 Junie: Huishulp bederfdag om 13:30 in die skoolsaal.

2 Junie: Tjokkies se GESINS PRETDAG by die pantserskool. Die leerlingraad en hulle ouers doen baie moeite om die jaarlikse instelling lekker te maak vir ons Tjokkie-gesinne. Die program het gesirlukeer sodat julle kan sien wat alles aangebied word. Sien julle daar!

Skaaktoernooi. Ouers het die reëlings ontvang.

Voortrekkerspesialisasiedag. 60 Vories neem hieraan deel.

4 Junie: Die leerlinge ontvang hulle eksamenwerk.

5 - 6 Junie: Die sekretaresses woon ‘n tweedag-kursus in Welkom by. Dink aan my en wees my genadig!

8 Junie: Die skool sluit om 13:00 vir al die leerlinge aangesien die manspersoneel op ‘n spanbou vertrek. Daar sal wel toesig wees tot 13:30 vir ouers wat nie betyds kan wees nie.

VERJAARSDAE

3 Junie: Juf Retha vd Merwe (Musiek)
7 Junie: Mnr Neels Gunter, adjunkhoof

Middagstudiepos

Die beheerliggaam wag aansoeke in vir die pos van toesighouer. Werksure Maandae tot Vrydae 13:50 tot 17:15. Skoolvakansies gesluit. Ervaring met skoolleerlinge ‘n sterk aanbeveling. Dien aansoeke by die kantoor in voor of op Vrydag, 8 Junie. Diens-aanvaarding so gou moontlik. Vir meer inligting skakel die Skoolhoof.

UITSLAE

Die volgende swemmers is ingesluit in die Suid-Vrystaat Swemspan:
André Claassen
Tiard de Klerk
Stephné du Plessis
Renier du Preez
Tristan Heckroodt
Anieke Helmand
Kelly Jackson
Gerhardus J v Rensburg
Henro Labuschagne
Aiden Leipoldt
El-Jay Linde
Charné Snyman
Nachke vd Walt
Francisca v Rooyen
Stefan v Rooyen

Baie dankie aan ons anker borge! Ondersteun hulle asseblief.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

Snuffels

Die volgende swemmers is ingesluit in die Vrystaat Swemspan – baie geluk:

Anieke Helmand
Francisca v Rooyen
Nachke vd Walt

ATKV Redenaars – Marné Botes eindig onder die top 10. Baie geluk!

KOOR

Die GSF koormaatjies het hierdie kwartaal ‘n belangrike brief ontvang aangaande die koorkleredrag en optreedatums vir die 3e en 4e kwartaal. Laat weet asb vir juf Jana (072 7311 292) indien iemand dalk nie die brief ontvang het nie.

KONSERT (Herhaal)

Vriendelike herinnering dat alle konsertgeld voor die 8ste Junie inbetaal moet wees.

Let asb daarop dat die verwysing vir betaling vir konsertgelde baie belangrik is:
Kind se naam en van en klas
Voorbeeld: Gert Smith 7A

Betaling per kind asb, nie per gesin – dit vergemaklik kontrole. Bewys van betaling moet by klasonderwyser ingehandig word.

SKOOLGELDE

Die Beheerliggaam is tans besig met ‘n ernstige poging om alle uitstaande skoolgelde te vorder. Ons debiteure klerk reik tans die nodige aanmanings uit.

Villa Avianto bied die volgende Franse Wintermark aan, te Speserylaan 40, Kwaggafontein op 2 Junie 2018. Die dag begin 07h30 met die Spice Walk ten bate van die Kinderhuis. Die Franse Mark open amptelik om 08h00 en hekke sal oop wees tot 15h00. Kom geniet kulturele kosse, buitengewone uitstallings en heerlike musiek in ‘n gesellige atmosfeer. Skakel 082 252 2406 vir verdere inligting.

Gesoek

Ek is op soek na ‘n vakuum seëlmasjien waarmee lug uit ‘n pakkie gesuig word en die pakkie dan seël. Kontak asb vir Flip by 081 775 2974

GEM General Electrical Maintenance

Vir enige Elektriese werk of probleme, kontak my eerste vir die beste diens 24 uur ‘n dag. Ek herstel ook hekmotors,
geysers, stowe, urns en bain-maries.
Vir goeie diens kontak:
William 0837078263

Gesoek

‘n Tweedehandse selfoon wat nie meer gebruik word nie. Moet verkieslik kan “WhatsApp”. Skakel die kantoor indien u moontlik hiermee kan help:
051 522 1371

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com